# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 8

> *die Here het vir hom gesê: "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie*

*verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle. (vers 7)*

Samuel het die Here se hart geken, en daarom was hy diep ongelukkig oor die leiers se versoek. Hy skop vas teen dié versoek, en gaan kla daaroor by die Here. Uit die Here se antwoord is dit duidelik dat Hy óók ongelukkig is oor die versoek. Trouens, Hy beleef dit as verwerping.
’n Mens sou verwag dat Hy hulle op hulle plek sou sit. En tog gee Hy toe aan hulle versoek!
Mense kan baie stellig wees oor wat God dink, asof dit in beton gegiet is. Maar die God wat ons aanbid, is nie ’n starre noodlot nie, maar ’n lewende hemelse Vader wat ons liefhet. En soos ’n pa ’n kind soms toelaat om sy eie besluite te neem en selfs foute te maak in die proses, is God ook met ons.
Daarom gee Hy toe aan hulle versoek, al was dit nie sy plan vir hulle nie. En uiteindelik buig Hy hierdie verwikkeling om, sodat daar uit die nageslag van koning Dawid vir ons ’n Verlosser kon kom.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026